KONSTITUSIE VAN MPUMALANGA DIEPSEE-HENGELVERENIGING

Goedgekeur: 18 Augustus 2007
1ste Wysiging: 22 Augustus 2009

1. 1.1 NAAM

Mpumalanga Diepsee-Hengelvereniging (MDHV).

1.2 JURISDIKSIE

Die volgende Landdrosdistrikte sal deel van MDHV vorm :

Pelgrimsrus, Lydenburg, Carolina, Piet Retief, Pongola, Wakkerstroom, Amersfoort, Volksrust, Standerton, Bethal, Hoëveldrif, Nelspruit, Witrivier, Barberton, Waterval-Boven, Belfast, Hoedspruit, Middelburg, Witbank, Bronkhorstspruit, Delmas, Ermelo en Springs.

1.3 AFKORTINGS

MDHV	Mpumalanga Diepsee-Hengelvereniging
UK	Uitvoerende Komitee
AK	Aksiekomitee
FK	Finansiële Komitee
IGFA	"International Game Fish Association"
JAV	Jaarlikse Algemene Vergadering
SAV	Spesiale Algemene Vergadering
SADSAA	"South African Deep Sea Angling Association"
Die "Vereniging"	Mpumalanga Diepsee-Hengelvereniging

2. DOELWITTE

Die doelwitte van die Vereniging is die volgende :

2.1 Om aan SADSAA, asook enige ander federasie, konferensie en enige ander hengelliggaam, soos van tyd tot tyd deur die UK bepaal, geaffilieer te wees;

2.2 Om aan al die doelwitte, ideale, reëls en regulasies van SADSAA te voldoen en dit in stand te hou en toe te sien dat alle geaffilieerde klubs ook dienooreenkomstig optree;

2.3 Om die sport vir plesier en ontspanning uit te brei;

2.4 Om 'n joviale en aangename verbintenis met alle klubs en hul lede te vorm wat 'n gemeenskaplike belangstelling in diepseehengel deel;

2.5 Om aan al die doelwitte van 'n kompeterende buitemuurse sport te voldoen;

2.6 Om die owerhede met die effektiewe werking en beheer van skibote behulpsaam te wees;

2.7 Om roerende eiendom, fondse en ander bates te bekom ten einde die doelwitte soos in Reël 7.2 uiteengesit, te bereik;

2.8 Om enige sake rakende diepseehengel te konstitueer, reëls neer te lê en rekord en aantekeninge daarvan te hou;

2.9 Om seelewe, fauna en flora in samewerking met die betrokke staatsdepartemente en agentskappe te bewaar, wat op alle kuswaters ten opsigte van suiwerheid en die voorkoming van besoedeling van toepassing sal wees;

2.10 Om alle aksies uit te voer wat die doelwitte direk of indirek sal bevorder;

2.11 Om te eniger tyd reëls en regulasies te formuleer wat tot die verbetering en bevordering van die Vereniging sal strek;

2.12 Om die sport van amateur bodemvis-, roofvis- en snawelvishengel as 'n liggaam op see per boot in die RSA en internasionale waters te beoefen wat aan al die landswette sal voldoen;

2.13 Om die bevordering en regulering van hengel as sport (hetsy bodemvis-, roofvis- en snawelvishengel), in ooreenstemming met nasionale en internasionale reëls soos van tyd tot tyd deur SADSAA en IGFA neergelê, en/of ander internasionaal-aanvaarbare reëls, na te streef;

2.14 Om interklub-, interprovinsiale, nasionale en internasionale kompetisies te reël, om rekord van vangste van alle hengelaars te hou op plekke soos deur die Vereniging bepaal;

2.15 Om bevoegde hengelaars as verteenwoordigers van MDHV aan te wys;

2.16 Om bevoegdhede vir die hantering van 'n vaartuig op see aan te moedig en reëls vir die hantering van 'n vaartuig op see ooreenkomstig SADSAA-regulasies en die wet neer te lê;

2.17 Om MDHV as 'n nie-politieke en nie-rasseliggaam in stand te hou wat die wette van die land en amateurstatus van sy lede gehoorsaam;

2.18 Om uniforms, kentekens en kleure te ontwerp soos van tyd tot tyd aan sy lede toegeken;

2.19 Om inkomste en eiendom in belang van MDHV en sy lede te bekom, ten einde die doelwitte van MDHV te bereik;

2.20 Om bank of spaarrekeninge te open, of om beleggings te maak soos deur MDHV benodig;

2.21 Om fondse vir die doel en doelwitte van MDHV in te samel en, indien nodig, lenings te bekom met vaste eiendom of beleggings van MDHV as sekuriteit, onderworpe aan die voorwaardes en vereistes soos deur die UK bepaal te word;

2.22 Om toernooifondse vir kompetisies beskikbaar te stel;

2.23 Om die dienste van persone, maatskappye en instansies vir die uitvoering van die doelwitte van die Vereniging aan te stel;

2.24 Om 'n behoorlike register van ledeklubs en geaffilieerde hengelaars by te hou;

2.25 Om wetenskaplike en ekonomiese navorsingstudies te ondersteun, ten einde die invloed van sporthengel op die omgewing en visreserwes te bepaal;

3. REGSPOSISIE VAN DIE VERENIGING

3.1 Die Vereniging sal vir sy eie skulde aanspreeklik wees, maar nie vir die skulde van enige liggaam of persoon aan wie die Vereniging bystand mag verleen nie;

3.2 Die Vereniging sal as 'n regspersoon optree om dagvaardings uit te reik en in die naam van die Vereniging gedagvaar te kan word;

3.3 Al die roerende en onroerende eiendom van die Vereniging sal in die naam van die Vereniging gevestig en geregistreer word;

3.4 'n Afskrif van die konstitusie en regulasies van die Vereniging, onderteken deur die Voorsitter/Sekretaris, mag vir enige doel as die korrekte weergawe aanvaar word;

3.5 MDHV, asook die Komiteelede van MDHV, sal nie aanspreeklik wees nie en is vrygestel van enige ongeluk of verlies gely gedurende 'n kompetisie of enige ander aangeleenthede voortspruitend uit die aktiwiteite van MDHV.

4. LIDMAATSKAP

4.1 Bestaande klubs in die MDHV-area wat uit 10 (tien) of meer geaffilieerde lede bestaan, kwalifiseer vir lidmaatskap. 'n Nuwe klub kwalifiseer slegs vir affiliasie aan MDHV indien sodanige klub oor minstens 20 (twintig) lede beskik en 'n eenmalige aansluitingsfooi van R1 000 (eenduisend rand) betaal;

4.2 Indien 'n lidklub in gebreke bly om gedurende enige finansiële jaar sy affiliasiegelde te betaal, sal sodanige klub as 'n nuwe lid vir lidmaatskap moet heraansoek doen, onderworpe aan die bepalings soos in klousule 4.1 uiteengesit;

4.3 'n Persoon sal tot en met sy/haar 18de verjaarsdag 'n juniorlid wees.

5. HEFFINGS

Die Aksiekomitee is gemagtig om enige heffings in te stel. Die betaling van sodanige heffings sal verpligtend wees indien ten minste 51% van lede teenwoordig tydens 'n Spesiale Algemene Vergadering vir hierdie doel gehou, ten gunste daarvan stem.

6. SAMESTELLING VAN MDSAA EN BEHEERLIGGAAM

6.1 'n Jaarlikse Algemene Vergadering sal bestaan uit :

Die Voorsitter en Sekretaris van elke lidklub of hul afgevaardiges wie se affiliasiefooie aan MDHV ingevolge klousule 15 ten volle opbetaal is;

6.2 Stemreg sal soos volg wees :

(a) Klubs met minder as 40 geaffilieerde lede : 1 (een) stem
Klubs met 41 – 100 geaffilieerde lede : 2 (twee) stemme
Klubs met meer as 101 geaffilieerde lede : 3 (drie) stemme

(b) Die Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris, Tesourier, Toernooibeampte, Rekordbeampte, Veiligheidsbeampte, Ontwikkelingsbeampte en Skakelbeampte sal elk oor 1 (een) stem beskik. Ten einde 'n stem te kan uitbring, moet 'n lid teenwoordig wees en indien 'n persoon meer as een amp op die komitee beklee, sal sy stem tot slegs 1 (een) stem beperk wees.

6.3 Die **Uitvoerende** Komitee van die Vereniging sal uit die volgende ampsdraers saamgestel word :

* Voorsitter
* Ondervoorsitter
* Sekretaris
* Tesourier
* Toernooibeampte
* Rekordbeampte
* Veiligheidsbeampte
* Skakelbeampte
* Ontwikkelingsbeampte
* Erepresident

Die UK kan enige assistente tot bogenoemde poste aanstel of koöpteer.

6.4 Die huidige UK is in beheer van die Vereniging totdat 'n nuwe UK tydens 'n JAV deur die lidklubs verkies is;

6.5 Klubs moet ten minste 2 (twee) maande voor die JAV in kennis gestel word van watter bestaande komiteelede nie beskikbaar is vir herverkiesing nie. Nuwe nominasies (met ander woorde persone wat nie tans op die UK dien nie) moet skriftelik deur 'n lidklub voorgestel word en skriftelik deur 'n ander lidklub gesekondeer word. Die persoon wat nomineer word moet sy nominasie skriftelik aanvaar. 'n Standaard nominasievorm sal deur die Sekretaris beskikbaar gestel word. Nominasies vir lede van die UK moet 1 (een) maand skriftelik voor die JAV aan die Sekretaris deurgegee word, waarna nominasies sal sluit. Die Sekretaris sal die name van genomineerdes skriftelik aan al die klubs sirkuleer. Enige wysiging in bestaande portfeuljes moet ook deur die proses van nominasie, sekondering en formele aanvaarding gaan. Die portefeulje van Erepresident sal nie deur die proses van nominasie, sekondering en formele aanvaarding gaan nie. Die JAV sal oor 'n geskikte persoon besluit en hom nader tov sy bereidwilligheid om die posisie te aanvaar;

6.6 Die **Aksiekomitee** van die Vereniging sal uit die Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris en Tesourier bestaan;

6.7 Die **Finansiële Komitee** van die Vereniging sal uit die Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris en Tesourier bestaan;

6.8 Die **Keurkomitee** van die Vereniging sal uit die Voorsitter bestaan, wat as sameroeper sal optree, plus 4 (vier) verkose lede wat op 'n jaarlikse basis tydens die JAV verkies word. Een alternatiewe lid moet ook verkies word. Verkose lede sal tot 2 persone per klub beperk word, die alternatiewe lid uitgesluit. Nominasies vir hierdie komitee moet 1 (een) maand voor die JAV skriftelik deur die lidklubs ingedien word;

'n Persoon moet oor SADSAA-kleure beskik om as 'n keurder te kwalifiseer.

Keurders mag hulself vir spanne nomineer, maar sal nie 'n spreekbeurt of stemreg tydens die vergadering ontvang wanneer die span saamgestel word nie.

Indien die Voorsitter nomineer, sal die keurders 'n waarnemende Voorsitter vanaf die vloer aanwys. Vir administratiewe doeleindes het die Sekretaris van die Keurkomitee 'n spreekbeurt, asook die Rekordbeampte vir verifiëring van vangstes. Genoemde 2 persone het geen stemreg op die Keurkomitee nie tensy hulle verkose lede van die Keurkomitee is nie.

7. MAGTE VAN DIE AKSIEKOMITEE

Die magte soos bepaal in klousules 7.1 tot 7.8 sal die volgende behels :

7.1 In enige dringende aangeleentheid sal die volle Uitvoerende Komitee aan die Aksiekomitee delegeer om namens hom op te tree;

7.2 Die AK mag 'n huurkontrak met enige persoon of liggaam aangaan volgens die bepalings en voorwaardes soos wat die UK nodig mag ag vir die huur van grond wat as 'n diepseebasis vir die Vereniging aangewend kan word;

7.3 Die AK mag by wyse van koop, donasie, skenking, uitruiling, huur of andersins enige roerende of onroerende eiendom vir voorgenoemde redes, toestaan van 'n verband of andersins, roerende of onroerende eiendom (wat deur die Vereniging gehuur is of andersins bekom) van die hand sit of daarmee handel;

7.4 Die AK mag fondse of bates van die Vereniging wat nie vir onmiddellike aanwending benodig word nie, belê of van die hand sit ooreenkomstig sodanige bepalings, voorwaardes en sekuriteite soos van tyd tot tyd bepaal te word;

7.5 Die AK mag enige geskikte lid tot die volgende JAV aanstel of koöpteer om enige vakature te vul wat op die Aksiekomitee of enige ander komitee ontstaan en behoefte aan te spreek;

7.6 Die AK is by magte om enige lid te skors wat, volgens die Komitee, hom aan swak gedrag skuldig gemaak het wat tot nadeel van die goeie naam en belang van die Vereniging strek, welke skorsing vir 'n tydperk mag duur soos deur die Komitee goedgedink;

7.7 Die AK mag enige regsaksie en/of skriftelike dispute wat aan die Vereniging voorgelê is, skik;

7.8 Die AK mag regulasies ten opsigte van die aktiwiteite en funksionering van vaartuie op see saamstel.

8. FINANSIëLE KOMITEE

8.1 Die FK sal uit die lede van die Aksiekomitee bestaan;

8.2 Die handtekening van enige twee van die vier lede van die FK word op tjeks vereis wat vir betaling aangebied word, asook op enige sakedokument wat onderteken moet word;

8.3 Ten spyte van die inhoud van regulasies 6 en 7, sal die Tesourier geen betaling of uitgawe van meer as R100 000 (eenhonderdduisend rand) aangaan alvorens goedkeuring per e-pos vanaf die FK ontvang is nie. Betalings mag by wyse van elektroniese oorplasing gedoen word. Tesourier moet op 'n maandelikse basis afskrifte van alle bankstate aan die FK voorsien.

9. JAARLIKSE ALGEMENE VERGADERING

Die JAV sal jaarliks voor 30 September gehou word, met die doel om:

- die verslae,
- jaarlikse balansstaat en rekeninge van die uittredende Komitee te ontvang,
- asook om algemene sake van die Vereniging te bespreek,
- aanstelling van die ouditeure te bevestig,
- die Komitee vir die volgende jaar per stemming te verkies.

Alle verslae (uitsluitend die verslae van die Voorsitter en Tesourier) moet twee weke voor die datum van die vergadering skriftelik by die Sekretaris ingedien word.

10. KENNISGEWING VAN JAV

Die kennisgewing, asook sakelys van die JAV moet ten minste 21 (een en twintig) dae voor die datum van die JAV per geregistreerde pos of elektronies aan al die Sekretarisse van geregistreerde klubs gestuur word.

11. KENNISGEWING VAN UITVOERENDE KOMITEE

Kennisgewings van Spesiale Vergaderings sal ten minste 21 (een en twintig) dae voor die datum van sodanige vergaderings gepos of elektronies aan elke hengelklub en elke MDHV-komiteelid gestuur word, met dien verstande dat die AK 'n vergadering vir dringende sake op kort kennisgewing kan belê. Kennisgewings sal per geregistreerde pos of e-pos aan alle geregistreerde Klubsekretarisse gestuur word.

12. SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS

12.1 Die AK mag te eniger tyd 'n SAV belê en sal verplig wees om sodanige vergadering byeen te roep na ontvangs van 'n skriftelike versoek wat die doel van sodanige vergadering aandui en deur twee lidklubs onderteken is;

12.2 Die kennisgewing van sodanige vergadering wat aan lede gestuur word, moet die doel van die vergadering aandui. Slegs die AK mag enige saak voorlê wat volgens hul diskresie dringende bespreking vereis en ook slegs die sake soos in die aansoeke aangedui, sal aangehoor word;

12.3 Kennisgewings van SAV's sal 21 (een en twintig) dae voor die datums van sodanige vergadering per geregistreerde pos of elektronies aan elke lid van die MDHV-Komitee, asook alle hengelklubs (met ten volle opbetaalde affiliasiefooie) gestuur word, met dien verstande dat die AK 'n vergadering op kort kennisgewing vir dringende sake kan belê;

13. KWORUM

Die teenwoordige lede sal as 'n kworum geag word.

14. FINANSIëLE JAAR

Die finansiële jaar van die Vereniging sal nie aan enige datum verbind wees nie, maar sal na gelang van die datum van die JAV bepaal word.

15. AFFILIASIEFOOIE

Die affiliasiefooie wat deur lede betaalbaar sal wees, sal van tyd tot tyd deur die JAV bepaal word. Sodanige gelde met jaarliks voor 31 Januarie deur klubs aan MDHV betaal word en aanvullende lyste moet op 'n gereelde basis ingedien word. **Klubs wie se betalings na 31 Januarie ontvang word, sal oor geen stemreg beskik nie.** Indien 'n klub 'n betaling voor 31 Januarie gemaak het, sal enige aanvullende betalings by bepaling van sy aantal stemme in berekening gebring word. Verwys klousule 4.2.

16. GEVOLMAGTIGDES

16.1 Klubs mag gevolmagtigdes skriftelik aanwys indien hul verteenwoordigers, naamlik die Voorsitter en Sekretaris, nie die JAV, SAV, algemene, spesiale of uitvoerende vergadering kan bywoon nie;

16.2 Gevolmagtigdes van enige lidklub sal oor die reg beskik om namens die betrokke klub oor enige saak te praat en te stem, met dien verstande dat stemming ooreenkomstig klousule 6.2 sal geskied.

17. OUDITEURE

Ouditeure word deur die JAV aangestel, welke ouditeure die Vereniging se boeke en rekeninge sal ouditeer en hul verslae tydens die JAV aan MDHV sal voorlê.

18. LEDE-ADRESSE

18.1 Klubs sal die Sekretaris skriftelik van enige adresveranderinge van die klub en sy geregistreerde lede in kennis stel.

18.2 Die laaste bekende adres van klubs of gevolmagtigdes sal as korrek geag word.

19. VRYWARING

Komiteelede en ouditeure van die Vereniging sal nie aanspreeklik wees vir enige eis weens optrede, of gebrek aan optrede, wat in die uitvoering van hul pligte, of verwagte pligte, plaasgevind het nie, tensy dit aan hul blatante nalatigheid toegeskryf kan word, en hulle sal deur die Vereniging gevrywaar word van enige aanspreeklikheid wat teenoor 'n ander persoon mag ontstaan weens enige sodanige eis, tensy aanspreeklikheid as gevolg van voorgenoemde rede ontstaan het.

20. ALGEMEEN

Die AK sal gemagtig wees om enige sake te hanteer wat nie in die Konstitusie vervat is nie, onderworpe aan bevestiging deur die UK tydens die volgende JAV.

21. PLIGTE VAN UITVOERENDE KOMITEE

21.1 Om die Vereniging te verteenwoordig in enige saak wat die Vereniging raak;

21.2 Om toe te sien dat die bepalings van die Konstitusie toegepas word;

21.3 Om met ander instansies, liggame, departemente en verenigings saam te werk ten einde die doelwitte van die Vereniging, soos in hierdie Konstitusie uiteengesit, te bereik;

21.4 Om die toepassing van die bepalings van hierdie Konstitusie, asook al die reëls en regulasies, te implimenteer en enige aksies volgens hul goeddunke in belang en tot voordeel van die Vereniging en sy doelwitte uit te voer;

21.5 Om JAV's en SAV's te belê en die pligte en plekke vir sodanige vergaderings te reël;

21.6 Om die nodige kennisgewings van sodanige vergaderings 21 (een en twintig) dae voor die datum van die betrokke vergaderings aan alle geaffilieerde klubs uit te stuur;

21.7 Om ten minste twee keer per jaar 'n Uitvoerende Komiteevergadering te hou;

21.8 Om Komiteelede skriftelik (of per e-pos) van enige Komiteevergadering in kennis te stel;

21.9 Om behoorlike rekord van alle sake rakende rakende die aktiwiteite van die Vereniging te hou;

21.10 Om alle sake rakende vergaderings van die Vereniging op rekord te plaas en alle verrigtinge te notuleer;

21.11 Om 'n inkomste- en 'n balansstaat van die Vereniging se aktiwiteite tydens die JAV of SAV voor te lê;

21.12 Om reëls en regulasies vir kompetisies neer te lê en beamptes aan te wys wat vir die toepassing daarvan verantwoordelik sal wees, met dien verstande dat sodanige reëls en regulasies nie teenstrydig met dié van SADSAA en IGFA sal wees nie;

21.13 Om alle hengelkompetisies wat deur die Vereniging gereël is, te beheer en toe te sien dat daar aan die reëls en regulalsies van die IGFA en SADSAA voldoen word;

21.14 Om te verseker dat alle individue van die Vereniging, regverdige behandeling ontvang;

21.15 Om 'n bankrekening te open en die fondse van die Verening daarin te betaal, asook alle rekeninge en skulde, soos deur die UK bepaal, per tjek of elektroniese oorplasing te betaal;

21.16 Om tydelike subkomitees onder die direkte jurisdiksie van die UK aan te stel;

21.17 Om, indien nodig, assistente vir enige van die amptelike ampsdraers aan te stel en/of te koöpteer.

22. PLIGTE VAN UITVOERENDE KOMITEELEDE

22.1 Voorsitter

(a) Die Voorsitter sal voorsit en vir die goeie orde van alle vergaderings wat deur die UK gereël is, verantwoordelik wees;

(b) Indien 'n meningsverskil oor enige aangeleentheid tydens enige vergadering ontstaan, sal die Voorsitter 'n stemming uitroep en die meerderheidstemme as finaal aanvaar word;

(c) Bo en behalwe die Voositter se normale stem, sal hy ook oor 'n finale stem beskik;

(d) Die Voorsitter sal 'n skriftelike verslag aan die JAV voorlê;

(e) Indien nodig, sal die Voorsitter, in oorleg met MDHV, enige regstappe neem, verdedig of deurvoer;

(f) Die Voorsitter is gemagtig om enige aankondigings, persverklaring of enige ander verslae aan die media of ander instansies uit te reik, en mag ook sy volmag oordra indien hy dit nodig sou ag;

(g) Die Voorsitter mag 'n Toernooi-koördineerder uit die geledere van die bestaande komiteelede aanstel en sodanige persoon sal as skakeling tussen die onderskeie funksies/komiteelede van al die hengeltoernooie optree.

22.2 Ondervoorsitter

In die afwesigheid van die Voorsitter, sal die Ondervoorsitter alle vergaderings lei, waartydens hy oor 'n gewone stem asook 'n finale stem sal beskik.

22.3 Sekretaris

(a) Die Sekretaris sal alle klerklike funksies verrig;

(b) alle korrespondensie wat die aandag van die Vereniging moet ontvang, aan die UK voorlê;

(c) alle korrespondensie beantwoord, behoorlike rekord- en boekhouding op datum en alle kennisgewings vanaf die UK sirkuleer;

(d) die Voorsitter, en in sy afwesigheid die Ondervoorsitter, so gou moontlik in kennis stel van enige belangrike sake wat onmiddellike aandag verg, asook enige verdere aksie neem wat deur die Voor- of Ondervoorsitter aan hom/ haar toevertrou is;

(e) alle rekords en korrespondensie op die JAV aan die UK voorlê, of op enige ander stadium soos deur die UK goedgekeur;

(f) alle vergaderings, spesiale vergaderings en JAV's notuleer, waarvan afskrifte aan die bestuur van MDHV voorsien moet word;

(g) alle sekretariële en administratiewe rekords byhou soos van tyd tot tyd deur MDHV benodig;

(h) 'n behoorlike register in die vereiste formaat van alle lede en hengelaars byhou soos deur SADSAA voorgeskryf.

22.4 Tesourier

(a) Die Tesourier sal vir alle gelde en fondse van MDHV verantwoordelik wees;

(b) behoorlike verslae van finansiële inkomste en uitgawes opstel;

(c) verantwoordelik vir behoorlike boekhouding en opdatering daarvan van MDHV, insluitend boekhouding van MDHV-beleggings;

(d) voorbereiding van finansiële state ooreenkomstig Algemene Aanvaarbare Rekeningkundige Praktyke (AARP), waarvan afskrifte op die JAV aan die bestuur van MDHV voorgelê moet word;

(e) die ontvangs van alle fondse wat aan MDHV betaalbaar is, opdatering van die rekordboek en opstel van 'n inventaris van alle fondse en bates waaroor MDHV beskik;

(f) voorlegging van 'n volledige opgawe wanneer deur die UK versoek;

(g) ondertekening van alle finansiële boeke in die teenwoordigheid van Voor- en Ondervoorsitter;

(h) aanvaarding van alle gelde as korrek wat by 'n aanvaarbare kommersiële bank of instansie, soos deur die UK op instruksie van MDHV goedgekeur, beskikbaar raak;

(i) reël die jaarlikse ouditering van die finansiële state van die Vereniging;

(j) sien toe dat al die bates van die Vereniging behoorlik ooreenkomstig die amptelike instruksies van die UK verseker is.

22.5 Provinsiale Veiligheidsbeampte

(a) Die Provinsiale Veiligheidsbeampte van die Vereniging sal ook die Hoof-veiligheidsbeampte wees en sy volledige verpligtinge word deur SADSAA en die regulasies bepaal. Soos deur SADSAA versoek, sal die Provinsiale Veiligheidsbeampte alle besonderhede rakende bootveiligheid en die skipper aan die Hoofveiligheidsbeampte van SADSAA voorsien;

(b) sy eie Veiligheidsbeampte-bankrekening hou, waarvan 'n behoorlike inkomste- en uitgawestaat op die JAV voorgelê moet word;

(c) namens die Vereniging t.o.v. alle veiligheidsverwante aspekte optree.

22.6 Rekordbeampte

(a) Die Rekordbeampte is daarvoor verantwoordelik om alle provinsiale rekords te hou en die Suid-Afrikaanse en Afrika-rekords moet op versoek beskikbaar gestel kan word;

(b) hy sal as Weegmeester by alle MDHV-kompetisies optree;

(c) in samewerking met die Toernooibeampte, sal hy oor dominante jurisdiksie tydens alle kompetisies beskik, ten einde kontrole toe te pas, hengelreëls te monitor en moontlike dispute op te los;

(d) verantwoordelik wees om kompetisie-uitslae saam te stel en te hou;

(e) verantwoordelik vir alle trofeë wees en 'n trofeeregister byhou;

(f) hy sal sertifikate vir verdienstelike en rekordvangste uitreik.

22.7 Skakelbeampte

(a) Hy tree in direkte opdrag van die Voorsitter en Aksiekomitee op;

(b) Hy sal vir fondsinsameling verantwoordelik wees;

(c) Hy sal met die borge van die Vereniging skakel en toesien dat hul benodigdhede die nodige aandag ontvang.

22.8 Toernooibeampte

Die pligte en verantwoordelikhede van die Toernooibeampte behels die volgende :

(a) Toepassing van 'n puntestelsel, die opstel van kompetisiereëls en –regulasies, spesifisering van bodem-, roof- en snawelvis (waar van toepassing) in samewerking met die Departement van Seevisserye, wat vir elke kompetisie geskik sal wees, asook die puntestelsel en lynklas wat op 'n spesifieke kategorie van toepassing sal wees, onderworpe aan UK-bepalings;

(b) Die interprovinsiale en nasionale hengelaktiwiteite is binne die jurisdiksie van MDHV;

(c) Hy sal 'n jaarlikse kompetisiedagboek opstel, wat ten minste 60 (sestig) dae voor die JAV aan MDHV vir goedkeuring voorgelê sal word. Geen ander kompetisie sal by enige klub gehou word nie, tensy sodanige kompetisie in die dagboek opgeneem en deur die JAV goedgekeur is;

(d) In samewerking met die Rekordbeampte, sal hy oor dominante jurisdiksie tydens alle kompetisies beskik, ten einde kontrole toe te pas, hengelreëls te monitor en moontlike dispute op te los;

(e) Hy sal daarvoor verantwoordelik wees om alle vangsteverslae skriftelik aan die Oseaniese Navorsingsinstituut, of enige ander liggaam soos wetlik vereis, deur te gee;

(f) Hy sal die nodige lisensies en uitsluitings van enige sakbeperkingsregulasies reël;

(g) Hy sal die nodige goedkeuring van betrokke liggame vir aanbieding van die hengelkompetisies verkry.

22.9 Ontwikkelingsbeampte

(a) Die voorlegging van ontwikkelingsverslae tydens elke MDHV-vergadering;

(b) Indien versoek, 'n voorlegging aan die Ontwikkelingsbeampte van SADSAA van 'n opsomming van alle ontwikkelingsprogramme wat gedurende jaar aangebied is.

23. AKSIEKOMITEE

Die Aksiekomitee sal uit die Voorsiter, Ondervoorsitter, Sekretaris en Tesourier bestaan en sal namens die UK ten opsigte van alle dringende sake optree. Die betrokke aksies moet tydens die volgende JAV of UK-vergadering goedgekeur word.

24. UITVOERENDE KOMITEE

'n Uiteensetting is in paragrawe 6.3 & 21 vervat. Die Komitee behoort ten minste twee keer per jaar te vergader.

25. REëLS EN REGULASIES

25.1 Die reëls en regulasies van SADSAA is van toepassing ten opsigte van die werking van seevaartuie langs die Suid-Afrikaanse kuslyn;

25.2 MDHV-regulasies;

25.3 (a) Wanneer die UK dit gerade ag om die doelwitte van die Vereniging uit te brei ten einde sy organisasie en funksionering te verbeter, mag die UK reëls en regulasies neerlê op voorwaarde dat dit nie van die konstitusie of landswette verskil of daarmee bots nie;

(b) Die reëls en regulasies soos deur die UK neergelê, moet aan al die hengelklubs gesirkuleer word;

(c) Reëls en regulasies soos deur die UK bepaal, moet tot die volgende JAV toegepas word, waartydens dit vir heroorweging en bekragtiging voorgelê sal word.

26. KLEURE EN KLEREDRAG

26.1 **Seniors :** Vlootblou kleurbaadjie (nie dubbelbors) met grys langbroek of grys romp en swart skoene;

Juniors: Swart kleurbaadjie (nie dubbelbors) met grys langbroek of grys romp en swart skoene;

26.2

Assosiasiekleure	: Oop wit roos
Vol provinsiale kleure	: Oop rooi roos
Juniorkleure (O/16)	: Toe wit roos
Vol provinsiale juniorkleure (o/19)	: Toe rooi roos
Erekleure	: Oop rooi roos met goue lourierkrans
Spesiale erekleure	: Oop goue roos met lourierkrans

26.3 Assosiasiekleure toegeken te word vir die eerste verteenwoordiging van MDHV en vol provinsiale kleure vir elke daaropvolgende verteenwoordiging. Vol provinsiale kleure kan deur die Uitvoerende Komitee aan 'n persoon toegeken word wat nie hengel nie vir sy bydrae tot administrasie of veiligheid indien die persoon vir ten minste 5 jaar ononderbroke op die UK gedien het. Die bewoording "Admin of Veiligheid" moet egter op die persoon se kleurbaadjiewapen verskyn;

26.4 Die kleurbaadjiewapen sal deur MDHV aan alle hengelaars geskenk word;

26.5 Die bewoording wat op alle kleurbaadjiewapens moet verskyn : Mpumalanga Diepsee Hengelvereniging;

26.6 Slegs diepseehengelaars wat Mpumalanga in provinsiale kompetisies verteenwoordig, kan op hierdie kleure aanspraak maak;

26.7 Erekleure word toegeken sodra 'n geaffilieerde hengelaar senior SADSAA-kleure verwerf het;

26.8 Spesiale erekleure word aan geaffilieerde hengelaars toegeken wanneer :

* 'n hengelaar vir 'n tweede keer as 'n lid van 'n Protea diepseehengel-span gekeur word;
* na 'n dienstermyn van 5 opeenvolgende jare op die UK en keuring as lid van 'n Protea diepseespan; en
* na 'n dienstermyn van 10 opeenvolgende jare op die UK en ontvangs van provinsiale kleure vanaf MDHV.

27. WYSIGING VAN DIE KONSTITUSIE

27.1 Enige klub wat 'n wysiging van die konstitusie verlang, moet 'n skriftelike versoek in die verband 3 (drie) maande voor die JAV indien. Die voorgestelde wysiging moet ten minste 2 (twee) maande voor die JAV aan klubs en genomineerdes gesirkuleer word;

27.2 Die goedkeuring deur twee-derdes van die teenwoordiges by 'n JAV word vir die wysiging van die konstitusie vereis.

28. ONTBINDING

Alle bates sal vir toesig aan SADSAA oorgegee word totdat aktiewe deelname aan diepseehengel en MDHV in ere herstel is.

29. VAKATURES EN BEDANKINGS

In geval van 'n amptelike vakature sal die Vereniging tydens die volgende UK-vergadering 'n opvolger aanwys, met dien verstande dat, indien die amp van die Voorsitter vakant sou raak, dit slegs op 'n SAV vir die doel gevul kan word.

30. GEBREK AAN BELANGSTELLING / VEREISTES NIE NAGEKOM

Indien 'n lidklub nie aan die vereistes van die Vereniging voldoen nie of 'n duidelike gebruik aan belangstelling in die aktiwiteite van die Vereniging toon, sal die lede van die betrokke klub dienooreenkomstig direk deur die Vereniging in kennis gestel word.

Finale weergawe : 22 Aug 2009 (English version is available on request)

* * * * *